# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -34/2023 – Mei 2023*


## SPOED IN ONS STRATE

Onlangs weer verskeie probleme ervaar. Ry stadig asseblief en onthou dat voetgangers en rolstoele voorrang geniet in ons strate. Ek is seker niemand wil die eerste wees om een van ons inwoners om te ry nie. Ry doodstadig, ons hou van lewendige mense.

## SLEUTELS BY SORGSENTRUM

As mens winkels toe gaan kan die krag intussen afgaan. (Eskom se beurtkrag of munisipale probleme of selfs beide) As jy dan terugkom maak die motorhuisdeur nie oop nie. Huissleutels lê moontlik binne in die huis. Die volgende kan gebeur:

a) Jy het nooit 'n sleutel by die sorgsentum gelaat nie.
b) Die sleutel is by die sorgsentrum maar dis die een wat vorige eienaar/of dalk jy self daar gelaat het VOORDAT jy die slot verander het of 'n sekuriteitshek aangebring het.
c) As jy op verlof is en jy bel jou bure om jou vrieskas se vleis te beveilig vanweë 'n langdurige kragonderbreking en ontdek dat die bure en die sorgsentrum nie 'n sleutel het nie.

Die moontlike skade, fustrasie, kostes sal vir u eie rekening wees.
Hier praat ons nog nie eers van die situasie waar u geval het en nie self mobiel is om u deur oop te maak nie. Dan sal of 'n venster of 'n deur gebreek moet word en dit sal ook vir u koste wees.

## PANIEKKNOPPIES

Toets tog maar minstens een maal elke ses maande u panieknoppie. Bel vooruit na sekuriteit en/of die sorgsentrum en toets sommer terwyl u met hulle praat. Hulle kan onmiddellik bevestig of dit steeds goed werk. Batterye vir die panieknoppie is verkrygbaar by ontvangs.

## REDAKSIE VIR ONS INFORMANT

Ons oproep vir hulp met ons Informant was oorweldigend. Ons waardeer dit geweldig en wil almal wat hulself beskikbaar gestel het baie hartlik bedank. Ons sien uit na die volgende uitgawe.
Johan van Rensburg (111) het aanvaar om die redakteur te wees. Die volgende persone is gereed om hom in meerdere of mindere mate in sy taak by te staan. Otto v Graan (1001), Sarie Groenewald (210), Denise Prinsloo (166), Laura Greyling (5212) en Didi Higgo (ontvangs) Verder sal die direksielede ook hul deel bydra.
Ons sien uit na die volgende uitgawe.

## DSTV GROEP SE NUWE BESTUUR

'n Nuwe bestuur is onlangs gekies. Bertus Pretorius van eenheid 73 is die nuwe voorsitter, Susan van Zyl van 107 die Ondervoorsitter en Carel Marx die addisionele lid van eenheid 131. 'n Woord van groot dank aan hierdie persone. Die tariewe is aangepas na R410 vir gewone lede en R520 vir PVR lede. Dit is betaalbaar vanaf 1 Mei 2023

## BALKONNE EN STOEPE BY WOONSTELLE

'n Opvolgvergadering was gehou op die 21 ste April. Vir elke woonstelblok het iemand hom/haar beskikbaar gestel om te help met die monitering van die stoepe se netheid en skoonheid. Baie dankie vir hulle gewilligheid. A1=Magda 2209, A2= Henri 1212, A3=Antoinette 1304, B=Poppie 3009, C= Poppie 4309, D= Elize 5110.
Saam met die bestuur sal daar die volgende weke/maande sistematies gekyk word na alle stoepe en balkonne.
Dis is hartverwarmend dat daar reeds baie inwoners die toestand op hul stoepe mooier en netjieser gemaak het. Die meerdeheid is reeds geheel en al aanvaarbaar.

## BREIGROEP

Daar is ’n aktiewe breigroep in ons oord. Meer lede is welkom. Die groep bestaan tans uit die volgende lede. Trudie (2101), Hannie (85), June (5001), Emilda (5002), Maxi (1004), Irene (3104), Fiefie (281)

## DINSDAGMARK

Die mark is baie suksesvol en word goed ondersteun. Dit word gereël deur Susan v Zyl (107) en Carel Marx (131). Dit vind elke Dinsdagoggend plaas in Flaminkstraat. Van ons eie inwoners wat daar uitstal is Tobie/Hermien van eenheid 38 (pannekoek) Wykie/Petro van eenheid 24 vetkoeke krale en juwele. Kontak gerus vir Susan (107) as u ook iets sou wil verkoop.

## ONS TIENDE VERJAARSDAG

Ons oord is op 1 September 2023 tien jaar oud. 1 September val op ’n Vrydag en die fees sal seker uitbrei na Saterdag die 2de September saam met die mark.
Reeds verskeie voorstelle ontvang dankie daarvoor. U kan steeds tot einde Mei voorstelle indien.

## KOMBUIS

Die koffiewinkel en die kiosk se tye is van 07:30 tot 1700 daagliks elke dag van die week.
Daar is steeds slegs op Woensdae, Vrydae en Sondae twee sessies vir aansit etes in die eetsaal. Sessie een van 11:45 tot 12:45 en sessie twee van 13:00 tot 14:00.
Heffingontbyte word geboek soos alle heffingsetes en is beskikbaar Maandae tot Vrydae
As u van die bakkies met kos uitdeel, maak tog seker dit word nie met kos en al iewers gelos of weggegooi nie, dit veroorsaak kakkerlakke en stank probleme.
As u etes wil aanskuif, doen dit op skrif en handig in by ontvangs. Los papiertjies by die kombuiskantoor gelos veroorsaak slegs verwarring.

## VERPLIGTE EN ANDER ETES

Behalwe vir u verpligte en ander Woensdae en Sondae se etes Betaal u R42 vir etes.
’n Gewone filter koffie kos by selfs die goedkoopste restaurante reeds R24.90
‘n Sap sou seker maklik R17 kan kos
Koffie en Sap is ingesluit by alle etes in die eetsaal.
Vir die etes op Maandae, Dinsdae, Donderdae, Vrydae en Saterdae betaal u dus eintlik die volgende:

| | |
|---|---|
| Totale bedrag | R42,00 |
| Koffie | -R24,90 |
| Balans | R17.10 |
| Sap | -R17,00 |
| Netto balans, die ete kos | **R0,10** |

Dan is daar nog die ander voordele soos:
U gaan net sit en die ete word vars en warm bedien
U koop baie minder kruideniersware waarvan die pryse die laaste jaar baie gestyg het.
U ry minder na die winkels en spaar brandstof
U spaar elektrisiteit omdat eie voorbereiding nie nodig is nie.
U het geen skottelgoed om te was nie ens.
U dra geen voorraad wat, of nie gebruik word, of sleg word voor u dit gebruik.
Finansiëel en wat gerief betref kan mens nie hierop verbeter nie. Lekker kan mens nie oor redeneer nie, smaak verskil

## WATERLEKKE

Ons is weer besig met nuwe pogings om waterlekke op te spoor.
Meld lekkende krane en toilette asseblief dadelik aan.
Gebruik asseblief geen water tussen 01:00 en 04:00 vir tuine nie.

Na ure en oor naweke is die algemene noodnommer. **064 812 0093**
Vir Ambulans en siektes is die na ure noodnommer **086 011 2911**